DIE VERSKIL TUSSEN KORRUP EN KOMPLIMENTÊR

Skrywer: Rudolph LaubscherAssosiaat Direkteur by PricewaterhouseCoopers in Bloemfontein

Met die afkondiging van die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupsie in 2004, het die Wetgewer onder meer beoog om ‘n stokkie te steek voor die onregmatige verkryging van persoonlike welvaart ten koste van die integriteit van demokratiese instellings, ekonomiese groei, etiese waardes en die algemene regspleging. Sedertien egter het korrupsie een van die mees besproke onderwerpe in die media geword met die fokus op die verhouding tussen staatsamptenary as koper en private besigheid as verkoper wat Suid-Afrika tot op die hoogste vlak geraak het.

Artikel 3 van die nuwe Wet omskryf korrupsie as misdaad en verwys in breë na iemand wie ‘n ander persoon ‘n vorm van gratifikasie offer, belowe of gee, om daardeur laasgenoemde te beïnvloed om onregmatig te handel of om iemand anders so te laat handel. Gewoonlik beklee die persoon aan wie so ‘n offer gemaak word dikwels ‘n posisie van mag wat deur die gemeenskap aan hom toevertrou is. ‘n Verkeers- of polisiebeampte is byvoorbeeld indirek deur die gemeenskap aangestel om sekere gedrag volgens die gemeenskapswaardes af te dwing en oefen sy amp met die vertroue van die gemeenskap uit. Wanneer ‘n beampte dan as gevolg van ‘n aanbod van gratifikasie sy plig versaak, verloor die gemeenskap beheer oor die gebied (polisiëring) wat daardie beampte bedien en word die demokratiese sisteem lamgelê. Omdat korrupsie slegs beperk word tot die verbeelding van die misdadiger, plaas dit die Wetgewer voor ‘n uitdaging om te polisieër.

In moderne besigheid is die identifisering en ontwikkeling van besigheidsverhoudings en die gepaardgaande netwerkgeleenthede ‘n alledaagse verskynsel, maar die Wet plaas voorgenoemde in ‘n ander lig, veral wanneer die getrakteerde ‘n openbare ampsdraer is. Om die bepalings van die Wet en in die impak daarvan op besighede beter te begryp, moet ‘n mens vra waarom netwerkgeleenthede plaasvind? Die sakeman het gewoonlik ten doel om sy bestaande kliënt te bedank of om ‘n nuwe besigheidsverhouding te ontwikkel. Die geleentheid kan beperk word tot terloopse sosiale kontak soos om aan dieselfde sportklub te behoort. Of daar kan ‘n monetêre uitgawe aan gekoppel wees. Die ooglopende en aanvaarbare doel van die traktering is gewoonlik om die kliënt te bedank vir die opoffering van sy tyd, ‘n verhouding te vestig deur die deelname aan ‘n gemeenskaplike aktiwiteit en vir die geleentheid om met die kliënt te kommunikeer oor ‘n nuwe produk of diens.

‘n Minder ooglopende doel mag egter wees om die kliënt se koopbesluit te beïnvloed en die Wet waak hierteen. Die privaatsektor neem vanselfsprekend aan netwerkgeleenthede deel omdat dit ‘n suksesvolle benadering is, maar dit is juis in die eensydigheid van die verhouding met die kliënt waar die morele probleem kan ontstaan. Die ekonomiese sisteem van ‘n gelyke geleenthede om te tender en die

aanvaarding van die beste prys of mees effektiewe produk, word uitgeskakel deur ‘n nuwe faktor: die verkoper se gewilligheid en vermoë om te trakteer.

Gedurende Junie 2009 het Transparency International die nuutste Korrupsie Wêreld Barometer vrygestel en die privaatsektor se invloed het erkende nuwe afmetings bereik deur die verskynsel van Staatsknegskap (“State Capture”). Hierdie verskynsel verwys na die privaatsektor se vermoë om deur omkopery ‘n land se beleidmakende prosesse te verdraai. 54% van die respondente het aangedui dat die privaatsektor in die algemeen omkopery gebruik om beleid en nuwe regulasies te vorm. Suid-Afrika was nie by hierdie oorsig ingesluit nie, maar veral opkomende ekonomieë soos Suid-Afrika s’n, blyk gebuk te gaan onder hierdie verskynsel.

Die verreikende ekonomiese impak van verskynsels soos korrupsie en staatsknegskap het die Wetgewer genoop om deur Artikel 34 die aanmelding van korrupte transaksies verpligtend te maak. ‘n Strafbepaling vir enige versuim is ook aan Artikel 34 gekoppel wat die erns daarvan beklemtoon. In breë bepaal die artikel dat enige persoon in ‘n gesagsposisie wie bewus is of vermoed dat korrupsie, diefstal, bedrog, uitbuiting, vervalsing of die uitgifte van ’n vervalste dokument gepleeg is waarvan die waarde R100,000.00 of meer is, die saak aan die polisie moet rapporteer. Persone in ‘n gesagsposisie sluit in ‘n direkteur-generaal of staatsdepartementshoof, ‘n munisipale bestuurder, ‘n senior bestuurder in die staat, die hoof van ‘n tersiêre instelling, ‘n bestuurder, sekretaris of direkteur soos omskryf in die Maatskappyewet of beslote korporasie, die uitvoerende bestuurder van enige finansiële instelling, ‘n vennoot, ‘n hoof uitvoerende beampte, iemand wat verantwoordelik is vir die algemene bestuur en beheer van ‘n besigheid en laastens iemand wat in enige van die voormelde se plek waarneem.

Ons kan dus ons eie vraag beantwoord wanneer ons peins oor die rig of aanvaarding van ‘n uitnodiging: word dit uitgestuur met die doel om ‘n besluitnemer onregmatiglik te beïnvloed? Die privaat- en publieke sektor kan hulle bestuurders en werknemers help met hierdie slaggat deur met hulle oor korrupsie te praat, hulle daarvan bewus te maak en die hantering van beweerde gevalle duidelik deur ‘n beleid te definieër. Denkbeeldige gevallestudies oor die aanvaarding van geskenke sal werknemers help om die praktiese dinamiek daarvan te verstaan en watter skade die persepsie van korrupte handelinge die organisasie kan berokken. Defnitiewe riglyne rondom die posvlak van die ontvanger en die tydsberekening in die aanvaarding van ‘n uitnodiging, kan werknemers wie oor ‘n tender moet besluit, diskwalifiseer om die uitnodiging te aanvaar terwyl die tender onder oorweging is. Indien werknemers verstaan dat korrupsie die normale werking van hulle organisasie se ekonomie kan kniehalter, sal hulle meer geneë wees om dit uit te wys en irrasionele besluite wat ‘n bepaalde diensverskaffer bevoordeel, te bevraagteken.

Korrupsie het baie in gemeen en oorvleuel gereeld met ander misdade soos bedrog en diefstal, aangesien die korrupte werknemer binne die organisasie meewerk om die verlangde resultaat te bewerkstellig wat die omkoper wil sien. Feite word dus verbloem of verswyg en tender kriteria kan dikwels buitengewone voorbehoude bevat wat die gemiddelde tenderaar sal diskwalifiseer. Vandaar die groter

internasionale wekroep vir korporatiewe organisasies wat meer deursigtig besigheid doen met ‘n oog op volhoubaarheid en sosiale verantwoording teenoor belangehouers en werknemers.

Uiteindelik lê die verskil tussen ‘n korrupte en ‘n komplimentêre uitnodiging of geskenk verborge in die gesindhede van beide die afsender en die ontvanger. Andersins gestel, alles wat bo op die tafel geskied is waarskynlik eties, maar nie noodwendig van pas nie, en alles wat onderdeur die tafel geskied, is nie.